Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

BELANGRIKGE VRAE

Deel 1 – Wil jy gesond word?

Johannes 5:2-6 By die Skaappoort in Jerusalem was daar 'n bad met die Hebreeuse naam Betesda. Dit het vyf pilaargange gehad, waar daar baie gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en lammes. Onder hulle was daar 'n sekere man wat al ag en dertig jaar lank siek was. Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was. Toe vra Hy vir hom: “Wil jy gesond word?”

_____

_____

Johannes 5:7-9 Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in.” Jesus sê toe vir hom: “Staan op, tel jou goed op en loop.” Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop. Dit was 'n sabbatdag.

_____

_____

Johannes 5:10-13 Die Jode sê toe vir die man wat genees is: “Dit is 'n sabbatdag; jy mag nie jou goed dra nie.” Maar hy antwoord hulle: “Die man wat my gesond gemaak het, het vir my gesê: Tel jou goed op en loop.” Hulle vra hom toe: “Wie is die man wat vir jou gesê het: Tel jou goed op en loop?” Die man wat gesond geword het, het egter nie geweet wie dit was nie, want Jesus het ongemerk weggegaan omdat daar 'n klomp mense op die plek was.

_____

_____

Johannes 5:14-15 Later kry Jesus hom in die tempel en sê vir hom: “Kyk, jy is nou gesond. Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.” Die man het vir die Jode gaan vertel dat dit Jesus is wat hom gesond gemaak het.

_____

_____

1. Genesing en vryheid begin by Jesus.

Johannes 10:10 ... Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

Efesiërs 3:20 Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink

Galasiërs 5:1 Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie.

2. Genesing en vryheid groei by God se mense.

Romeine 15:1-2 Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van dié wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onsself dink nie: elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou.

3. Genesing en vryheid voor bedien deur God se mense.

2 Korintiërs 5:20 Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!

_____

_____

NEEM KENNIS

MY STORIE

Ons sal graag wil hoor hoe jy vir Jesus ontmoet het.. Daar is krag daarin om jou eie storie met ander mense te deel. Dit bou jou geloof asook ander mense s'n. As jy graag jou storie met ons wil deel, email jou getuienis vir ons na mystorie@kerk.co.za. Ons wil graag van hierdie getuienisse gebruik in 'n opkomende reeks.

LESOTHO SENDING: 10-12 Mei

Die volgende uitreik na Polihali is DV van 10 tot 12 Mei. Kontak ons gerus vir meer inligting en om jou naam op te gee. Sluitingsdatum 12 April . Navrae: Erika Malan 0722915683

PULSE KAMP

Die jaarlikse Pulse Kamp vir hoërskool tieners is van 26-28 April. Kostes is R490. Betaling en registrasie geskied by www.bloempulsecamp.co.za. Vir meer navrae kontak vir Willie de Beer by willie@kerk.co.za of praat met hom na die diens by iConnect.

SY STEM? SY WIL?

Hierdie kwartaal bied Ds. Jacob 'n nuwe kursus aan wat handel oor hoe om God se stem te hoor en te onderskei wat Sy wil is vir jou. Dit begin Woensdag 15 Mei om 19:00 by die kerk. Daar sal ook toesig vir kleiner kinders wees tydens die sessies. Indien jy belang stel kan jy vir Magda kontak by magda@kerk.co.za

YouVersion Bible App

WORD DEEL

BYBELSKOOL: Donderdae 9h00

Donderdae oggende om 9h00, in die Moederskamer aan die ooste kant van die kerk, werk mense sistematies deur die boeke van die Bybel met die hulp van Unlocking the Bible. Navrae: Helena Bam 0843515855.

T.i.C. – Teens In Christ

T.i.C. is ons tienerbediening by die kerk. Ons kom elke Vrydag aand om 17:30-19:30 bymekaar by die kerk. Kom geniet dit saam met ons en bou verhoudings met ander tieners. Vir meer inligting kontak vir Willie de Beer: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

GROEP VIR 18-30's: Dinsdae 19h00

Daar is 'n groep vir studente en jong werkendes van 18-30 jaar wat op Dinsdae aande 19h00 bymekaar kom in die Jeugsentrum. Kontak vir Willie de Beer vir meer inligting: willie@kerk.co.za of 082 309 5342

ICONNECT

Indien jy êrens wil inskakel, nuut is of meer inligting oor die gemeente wil hê; is jy welkom om na die diens met die span by iConnect te gesels wat vir jou al die inligting sal gee. Kyk uit vir die iConnect baniere in die **voorportaal van die kerk**.

Indien jy graag op ons databasis wil kom om emails en smse van die kerk te ontvang, vul asseblief die "Aangename Kennis" kaartjies in tussen die stoele en banke. Jy kan dit ingooi in die houtposbusse by al die deure van die kerk. Ons kontak jou gerus deur die week net om te groet!